# *Die Wapad.*

26 Oktober, 1951.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*


# 'n Nuwe Ampstermyn Wag

## *Hou Koers!*

Weereens staan ons aan die begin van 'n nuwe tydperk. As ons terugkyk na die verlede sien ons agter ons die studentelewe van die P.U.K. vir C.H.O. Dit is nie die laaste nie. Die eerste jaar van die studentelewe van die Potchefstroomse Universiteit is ook reeds verby.

Laat ons, ons egter nie blind staar in die verlede nie, maar besef dat 'n nuwe ampstermyn voorlê. Deur die eerste Studenteraad en Studenteorganisasies van ons Universiteit is daar fondamente gelê. Dit is ons plig as hulle opvolgers om daarop voort te bou. Vergun my dan ook 'n woord van hartlike dank aan die Studenteraad van 1951. Hulle het vir ons die pad aangewys, hoe om 'n Studentegemeenskap te lei, getrou aan ons beginsel.

**As Studenteraad van 1952 is dit ons ernstige voorneme om altyd die beste aan u te gee. Ons sukses is ook u sukses. Ons weet dat die verskillende klubs en verenigings hulle beste sal lewer, want sonder u ywer kan ons ook geen sukses behaal nie.**

Mag daar 'n jaar van vrugbare werksaamhede voorlê. Elke persoon in die studentegemeenskap moet van voorneme wees om sy plig te doen in die studentelewe. Ons moet altyd gereed wees om te dien, dan sal ons, ons kan verheug in hoogstaande resultate wat bereik is.

J. LIGTHELM,
(Voorsiter-S.R.).


## REDAKSIE.

**Hoofredakteur:** J. P. COETZEE.

**Adm. Voorsitter:** F. BOTHMA.

**Sub-Redakteurs:**
**Nuus:** C. J. MALAN.
**Kuns en Wetenskap:** J. H. BOOYENS .
**Sosiale Aangeleenthtde:** MEJ. B. KRUGER.
**Sport:** D. v.d. SPUY en MEJ. A. PRETORIUS.
**Varia:** W. J. J. VAN VUUREN.
**Fotografie:** F. BOTHA.
**Tegnies:** J. HERSELMAN en J. v. ROOY.


# NUWE S.R.-VOORSITTER NEEM STOEL IN.

## *.. ADMINISTRATIEWE POSTE GEVUL. ..*

**. Op die laaste algemene studentevergadering is mnr. Johan Ligthelm as S.R.-voorsitter vir 1952 gekies. Mnr. V. E. d'Assonville is as ondervoorsitter gekies. Mnr. J. H. v. Niekerk beklee weereens die penningmeesterspos en mnr. P. Pelser is studenteraadsekretaris.**

Hierdie feite is aan die lig gebring op 'n algemene studentevergadering wat ou 24 September 1951 in die Hoofgebousaal plaasgevind het.

Terwyl dis onder-voorsitter besig was om die lys van stemgeregtigdes voor te lees, het die nege gekose S.R.-lede die saal verlaat om persone vir die poste van sekretaris en pennngmeester te nomineer. Vir die pos van sekretaris is mnre. **P. Pelser** en **J. Visser** genomineer en die tweetal vir penningmeester was mnre. **J. H. v. Niekerk en S. J. Bothma.**

Onder luide toejuiging is aangekondig dat mnr. **P. Pelser** en mnr. **J.H. v. Niekerk** deur die massa gekies is.

Onderwyl vertrekkende studente 'n paar woorde van bedanking gerig het, het die volle Studenteraad weereens die saal verlaat en as tweetal vir voorsitterskap mnr. **J. Lighthelm** en **V. E. d'Assonville** genomineer. Onder dawerende applous is mnr. **J. Ligthelm** as S.R.-voorsitter verkose verklaar.

**NEEM STOEL IN.**

**Mnr. Ligthelm het vervolgens die stoel ingeneem en sy hartlike dank aan die aftredende voorsiter, ,mnr. Spoelstra, uitgespreek vir sy navolgenswaardige voorbeeld en bekwame leiding. Hy het die hoop uitgespreek dat hy dieselfde lojale ondersteuning sal kry as wat sy voorganger te beurt geval het.**

**ALGEMENE OOREENSTEMMING.**

Daar heers algemene ooreenstemming dat mnr. **Ligthelm** die bekwaamste man is om die verantwoordelike leiding te aanvaar. Mnr. Ligthelm het hom deeglik in die studentelewe ingegrawe en sy pligte nougeset nagekom. In 1950 was hy S.R.-sekretaris en is assodanig goed op hoogte met die administratiewe werksaamhede van die S.R. Hy het twee jaar lank op die S.R. gedien, op verskeie kommissies diens gedoen en ook leiding op ander gebiede van die studentelewe geneem.

In die persoon van die ondervoorsitter, mnr. **V. E. d Assonville** het mnr. Ligthelm 'n werklike krag op die gebied van interuniversitêre verhoudinge. Mnr. d'Assonville het jarelange diens as bestuurslid van A.S.B. agter die rug.

# 'n Terugblik

## 'n Persoonlike Afskeidsgroet

Op die 24ste September het ons dan gekom aan die einde van die dienstermyn van die Studenteraad van 1951. As ons by die einde van ons werksaamhede 'n blik laat dwaal oor die afgelope diensjaar, bemerk ons dat dit 'n jaar van woelinge en uiterstes gewees het.

Ons het die jaar begin langs die oopgraf van ons geliefde Rektor, wyle Dr. F. Postma. Dit was **oomblikke van diepe teneergeslaenheid en 'n besef van menslike nietigheid.**

Na mate die jaar egter voortgeskrei het, het ons egter ook weer die berghoogtes betree saam met ons inrigting., wat die status van **'n onafhanklike Christelike Universiteit**, die enigste van sy soort in Afrika, verkry het. Dit was weer **oomblikke van intense vreugde en dankbaarheid**, omdat ons daarin die seënende hand van die Here oor 'n bepaalde beginselstrewe aanskou het!

Hoewel die jaar dus gekenmerk was deur geweldige bedrywighede, en ons dit in meer as en opsig as 'n **besonder drukke jaar kan bestempel**—ons dink maar aan vier intervarsities, 'n plaaslike Dalrymple, die stigting van nuwe klubs en verenigings, die aanpassing by 'n nuwe onafhanklike status—kan ons tog, sonder vrees vir teëspraak, beweer dat dit 'n geslaagde jaar was.

**Ons studentelewe vertoon 'n gedissiplineerde, aktiewe en kerngesonde doelstrewe.** Derhalwe kan pragtige prestasies dan ook nie uitbly nie! In die jaarverslag het ons reeds die geleentheid gehad om hierdie gedagtes aan feite vas te knoop.

As voorsiter van die Studenteraad vir 1951 wens ek dan in hierdie afskeidsgroed aan die studentegemeenskap, nogeens my **hartlike gelukwensing en dank te betuig vir die pragtige wyse waarop die studente van die P.U. vir C.H.O. hulle op alle terreine laat geld het in belang van ons Alma Mater en sy strewe!** Insonder wens ek die dames en here Studenteraadslede verder uit te sonder vir hulle lojale en besielende ondersteuning! **Mag studenteraad en studentegemeenskap steeds so kragtig-gekonsolideerd voortarbei ter bevordering van ons heerlike leuse op alle terreine**—ook in die volkslewe, as ons van hier sal uitgaan!

(Vervolg kolom 5).

(Vervolg van kolom 3).

**'n Ander Studenteraad staan tans gereed om u verder te lei—ons wens u van harte geluk met u keuse! Mag u aan hulle dieselfde** lojale en besielende ondergrond bied, as wat ons deel was!

Met heimwee en dank neem ons van u afskeid. Ons dank die Here vir wat ons kon doen! Mag Hy wat ook ons as nietige instrumente gebruik het, bevestig wat goed gedoen is en vergeef en vervolmaak wat swak is!

**Ons roep u 'n hartlike vaarwel toe, ,met 'n vaste vertroue en geloof vir die toekoms, want**

**„In U Lig sien ons Die Lig!"**

**B. SPOELSTRA.**


**TX MODISTE**

Ons Uitstaande Winterreeks kom nou aan!

Kostuums, Jasse en Gebreide Stukke

**Cardigans, Oortrekkers, Bolero's, Jerkins en Angora-drag.**

*‚Lottie' en Paryse Hoede*

**I. GLASER**

**Kerkstraat 83.**

**Die beste vir**
**OMEGA - HORLOSIES EN VERLOOFRINGE**

**Diens en Waarde is ons Leuse.**

**Foon 218. Bus 248.**
**POTCHEFSTROOM.**

**PARKER & CO.**
**(Pty.) Ltd.**
**GENERAL HARDWARE MERCHANTS**

**Phone 30, Potchefstroom, Box 245.**

Irrigation Machinery and Plants Supplied and Erected.

**Workmanship Guaranteed!**

Farm Implements and Spares, Tools for all Tradesmen, Arms and Ammunition, Fishing Tackle, Kitchen Utensils, etc., etc.

TOETS JOU OË
by
**M. SINGER**
F.S.M.C., F.B.D.A. (Londen)
OOGARTS
by die
MOOIRIVIER APTEEK
**KERKSTRAAT 155,**
**Foon 380 POTCHEFSTROOM.**

**LUCILLE DIE ROK SPESIALIS**
**Altyd eerste met die Jongste.**
Foon 62.
**Kerkstraat 146, POTCHEFSTROOM.**

**KOM SIEN ONS—**
vir u
Fotografiese- en Aptekersbenodigdhede
**GEEN & VELLEMAN,**
**KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

**DIE NUUTSTE ONTWERPE. MODE SE HOOGSTE PUNT.**
**ENKEL-LISSIE DAMESSKOENE vanaf 29/6**
**EDWORKS**
**(1936) Beperk.**
**Kerkstraat, Potchefstroom**
DURENDE GEMAK.

**Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner**
**J. P. V.D. WALT,**
**L.F.V.**
**KERKSTRAAT 111**
**(Langs Ackermans)**
Foon 929,
**POTCHEFSTROOM.**
**Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.**

NATUURLIK-GOLWENDE HARE
gee u natuurlike skoonheid!
**MEJ. R. GLAESER**
*Dames Skoonheidsalon*
**Kerkstraat 157. Foon 366.**

**W. J. SPAVINS EN SEUN**
VIR ALLE
Elektriese Benodigdhede
Draadlose, Koelkaste.
**Kerkstraat 65, POTCHEFSTROOM.**

**J. N. J. Kritzinger**
FOTOGRAAF
ROYAL HOTEL-GEBOU,
**Kerkstraat 84, Telefoon 455, Potchefstroom.**
**AS U 'N FOTO WIL SKENK**
kyk dan
**EERS NA ONS FOTO'S**
(in ons Ateljee, of by tevrede P.U.Kaners).

# Aanstellings deur Nuwe S.R. reeds Gemaak.

**Die nuutgekose S.R. vir 1952 het op 26 September 1951 vergader. Aanstellings vir die verskillende poste is reeds deur die S.R. gemaak.**

Na verneem word het die nuwe S.R. onder leiding van mnr. J. Ligthelm hulle eerste werksvergadering reeds agter die rug. Die aanstellings vir die verskillende poste is nou reeds gemaak sodat die betrokke persone hulle gedagtes solank aan die werk kan sit en, waar nodig,, met die nodige organisasie kan begin.

Die volgende persone is benoem:

**1. BESEMBOS.**
**Hoofred.:** W. J. de Klerk.
**Sakebest.:** C. v.d. Spuy.

**2. WAPAD.**
**Hoofred.:** J. T. Herselman.
**Sakebest.:** F. Human.

**3. PUKKIE.**
**Hoofred.:** W. J. J. v. Vuuren.
**Sakebest.:** J. Bekker.

**4. GESELLIGHEIDSKOMITEE.**
**Voors.:** P. C. Kruger.
**Mans.:** F. A. Botha.
D. Erasmus (jnr.).
J. A. van Rooy.
I. C. J. Minnaar.
**Dames:** Mejj. Loedolff.
S. Erasmus.
A. Horn.
T. Struwig.
R. Oosthuysen.

**5. ARGIEF.**
**Argivaris:** Paul Snyman.
**Hulparg.:** J. A. van Rooy.

**6. VREUGDEDAG.**
**Leier:** P. J. de Wet.
**Onderleier:** G. H. J. Kruger.
**Sekr.:** S. J. Bothma.
**Pgm.:** W. v.d. Linde.

# Verkiesings Goed van Stapel

## Groot Entoesiasme Geopenbaar

**Die verkiesings vir die verskillende verenigings en sportklubs het op Maandag, 17 September, 'n aanvang geneem en Vrydag, 21 September geëindig. Groot entoesiasme is geopenbaar.**

Na verneem word het die verkiesings vanjaar weereens baie goed verloop. Vanaf die samestelling van die Jukskeibestuur op Maandag 17 September tot op die verkiesing van die bestuurslede van Korps V.V., Vrydag 21 Sept. is groot belangstelling en entoesiasme geopenbaar.

Hieronder verskyn die name van die gekose persone vir die verskillende verenigings en klubs:—

### 1. S.S.B.

a) **JUKSKEI:**
Kapt.—L. J. Potgieter.
O.-kapte.—Mej. S. G. Hatting.
Sekr./Pgm.—J. A. Jooste.
Add. lede—Mej. R. Oosthuizen.
J. T. Herselman.

b) **KRIEKET:**
Kapt.—H. S. J. Muller.
Onderkapt.—P. J. de Wet.
Sekr.—D. F. Erasmus.
Pgm.—D. v.d. Spuy.
Add. lid—L. J. Potgieter.

c) **TENNIS:**
Kapt.—R. S. Buys.
O.-Kapte.—Mej. I. du Plessis.
Sekr.—H. J. Coetzee.
Pgm.—J. P. Coetzee.
Add. lede—Mej. E. v.d. Merwe.
B. J. Schutte.

d) **ATLETIEK:**
Ere-Pres.—Pro. D. P. J. Smith.
Voors.—Mnr. I. J. Joubert.
Kapt.—W. A. Nel.
O.-Kapt.—N. J. Snyman.
Sekr.—J. S. K. Bosman.
Pgm.—Mej. C. C. Loedolff.
Add. lede—S. P. Lombard.
Mej. I. du Plessis.

e) **KORFBAL:**
Kapte.—Mej. T. Snyman.
On.-Kapte.—Mej. I. du Plessis.
Sekre.—Mej. C. Jordaan.
Pgme.—Mej. I. de Villiers.
Add. lid—Mej. C. du Preez.

f) **BOKS EN STOEI:**
Kapt.—W. Krös.
On.-Kapt.—P. J. Snyman.
Pgm.—W. J. Maritz.
Add. lid—J. S. M. Venter.

g) **MANSHOKKIE:**
Kapt.—P. J. de Wet.
On.-Kapt—J. Ligthelm.
Sekr.—H. Haarhoff.
Pgm.—P. van Wyk.
Add. lid—P. C. Kruger.

h) **DAMESHOKKIE:**
Kapte—Mej. I. du Plessis.
On.-Kapte.—Mej. C. C. Loedolff
Sekre.—Mej. C. v.d. Berg.
Pgm.—Mej. S. v. Schouenburg.
Add. lid—Mej. M. J. Lombard
Mej. A. Horn.

i) **BOFBAL:**
Kapt.—A. M. Fivaz.
O.-Kapt.—J. S. K. Bosman.
Sekr.—A. J. v.d. Linde.
Pgm—B J. Schutte.
Add. lid—J. R. Prinsloo.

j) **VOETBAL:**
Ere-Pres.—Mnr. S. du Toit.
Voors.—dr. I. Fourie.
V.-Voors.—dr. W. A. Joubert.
Kapt.—J. I. Styger.
O.-Kapt.—J. R. Prinsloo.
Sekr.—G. H. J. Kruger.
Pgm.—S. P. Lombard.
Add. lid—J. H. v. Niekerk.

### 2. A.B.K.K.

a) **TONEEL:**
Voors.—D. F. Erasmus.
O.-Voors.—C. J. L. Coetzee.
Sekr.—J. J. Henning.
Pgm.—L. K. van Gass.
Add. lede—Mej. T. Liebenberg.
R. S. Buys.
F.A.T.S.A. vert.—J. C. Potgieter

b) **DEBAT:**
Voors.—W. J. J. du Plessis.
O.-Voors.—J. Ligthelm.
Sekre.—Mej. C. du Preez.
Add. lede—J. L. Helberg.
Mej. E. E. Breedt.

c) **ALABAMA:**
Voors.—P. C. Snyman.
O.-Voors.—J. T. Herselman.
Sekr.—G. S. Swanepoel.
Pgm.—S. P. Lombard.
Add. lede—Mej. E. E. Breedt.
W. P A. Venter

d) **SKAAK:**
Voors.—P. C. Kruger.
Ondervoors.—F. Lion Cachet.
Sekr.—T. v.d. Walt.
Pgm.—I. C. J. Minnaar.
Add lid—Mej T. Struwig.

### 3. A.S.B.

Voors.—J. Ligthelm.
O.-Voors.—J. P. Coetzee.
Sekr.—J. Visser.
Pgm.—W. P v.d Linde.

(Vervolg volgende kolom).

(Vervolg van vorige kolom).

Add. lede: C. J. Malan.
W. J. J. du Plessis.
Mej. L. Webb.
Mej. C. du Preez.
Org.—D. F. Erasmus (jnr.)
Voors.—P. J. W. Louw.
O.-Voors.—V. E. d'Assonville.
Sekr—P. C. Kruger.
Pgm.—J. A. Jooste.
Add. lede—J. L. Helberg.
J. P. Coetzee.
Mej. T. Snyman.

**SAMESTELLING S.S.B.**
Voors.—J. I. Styger.
O.-Voors.—L. J. Potgieter.
Sekr.—A. M. Fivaz.

**SAMESTELLING A.B.K.K.:**
Voors.—D. F. Erasmus (snr.)
O.-Voors.—C. J. L. Coetzee.
Sekr.—F. Lion Cachet.
Pgm.—P. C. Snyman.

**STUDENTERAADSLEDE:**
**S.S.B.:** J. I. Styger.
L. J. Potgieter.
**A.S.B.:** J. Ligthelm.
C. J. Malan.
**A.B.K.K.:** D. F. Erasmus (snr)
Mej. C. du Preez.
**Korps V.V.:** P. J. W. Louw.
Mej. T. Snyman.
V. E. d'Assonville.

# 'N JAAR IS VERBY.

Wanneer mens aan die einde van 'n tydperk van werksaamhede kom, is dit die „gewoonte” om eers om te draai en terug te kyk na wat gedoen is, en om dan weer voort te gaan die toekoms in, om nog 'n stuk van die lewenspad af te lê.

Om te voorkom dat hierdie „gewoonte” nie ontaard in 'n niksseggende belaglikheid nie is dit daarom nodig om by die terugblik met 'n kritiese oog die verlede te besien. Dit help niks om foute wat gemaak is te wil verdof in die skerp glans van die suksesse wat behaal is nie. Dit help ook niks om wel die foute raak te sien en dan nie moeite te doen om sulke dinge in die toekoms te vermy nie. 'n Kritiese beskouing van die verlede is dus noodsaaklik vir vooruitgang in die toekoms.

Oor die toekoms kan mens op die hede nog net bespiegelinge koester. Maar dit help niks as hierdie bespiegelinge nie gepaard gaan met die vaste voorneme om, wat die toekoms ookal mag bring, met alle mag jou werk en jou plig goed te doen nie.

## REDAKSIONEEL.

Hiermee verkyn die laaste uitgawe van **„Die Wapad”** vir vanjaar. Die Redaksie hoop dat die blad wat uitgegee is, so goed as wat onder omstandighede moontlik was, aan die vereistes van 'n Studenteblad kon voldoen.

Mag **„Die Wapad”** as mondstuk van die studentegemeenskap aan die Potchefstroomse Universiteit, steeds van krag tot krag gaan, en 'n waardige mededraer van ons gees wees. Want een van die plekke waar die studentegees uitkristaliseer, is in sy studentepublikasies.

**STUDENTERAAD—1952.**

J. Ligthelm (Voors.)
V. E. d'Assonville (Onderv.)
P. Pelser (sekr.)
J. H. van Niekerk (Pgm.)
J. I. Styger.
L. J. Potgieter.
D. F. Erasmus (snr.)
Mej. C. du Preez.
P. J. W. Louw.
Mej. T. Snyman.
C. J. Malan.

# KONSEP-EREKLEUR-REGLEMENT.

Naas die sportlewe sal aan studente wat 'n hoogstaande prestasie lewer op geestlike terrein erekleure toegeken word, onderworpe aan die volgende reglemente:

**Art. I. Die baadjie sal welonderskeie wees van die sportbaadjie en bestaan uit 'n oud-studentebaadjie omsoom met 'n koord wat daarby sal pas, 'n versierde wapen en onderaan die wapen 'n strokie om die besondere terrein aan te dui (die strokie sal gevolglik een van die volgende woorde bevat: verenigings, wetenskap of kuns).**

**Art. II: GEBIED.**
Vir bg. onderskeidingskleure sal op tweërlei gebied gelet word:
A. Kultureel.

**Art. III. TOEKENNING.**
A. Hierdie onderskeidingsteken word jaarliks aan die einde van die jaar deur die S.R. toegeken met dien verstande dat die onderliggame langs die konstitusionele bane aanbevelings by die S.R. kan doen.

B. Die S.R. sal daarop let dat jaarliks 'n beperkte aantal sodanige kleure toegestaan word so-

(Vervolg op bladsy 4).

# HER-UITGAWE VAN POPULêRE EKSEMPLARE

**(P.U. Studente-pers Onbeperk).**

Vertraagde Lente: deur „Christa”.
Altyd, my Liefste: Lucia.
Getrou tot die dood: T. Strüwig.
Daar sal gras oor groei: Wilma de Lange.
Gesluierde Beloftes: Greta L.
Die Swart Hand: „Thaba-jäh.”
Kom Terug my Beminde! Laura du P.
Ver van my Hart: Monica Venter.
„Te Laat vir Trane”: Elsie Paulsen.
Og, ek Ellendig Mens: Ansie.
Agter die Groot Gordyn: Maria Schoombee.
So Mooi is die Lewe: Liensa Smith.
Folterende Liefde!: Fransie de Wet.
Gevestigde Belange: Beppie Kes.
Die Verlore Dogter: Tos.

GILFILLAN EN STROH
POTCHEFSTROOM.
FIETSE EN FIETSREPARASIES

INGRAM SE BOTTELSTOOR
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË

PRESIDENT KAFEE
Kerkstraat 70.
• • •
vir die Beste
LIGTE ETES
en
VERVERSINGS.
BESTE GEHALTE MANSDRAG.

ELKE DAG VARS!
TURKSTRA SE BAKKERY
BROOD en alle KOEKSOORTE
Raadpleeg ons vir
BRUIDSKOEKE

Drink en Geniet
S & S
Super Dilla
en
Super Orange
Sherr & Shakinovsky
AUTO LAAN
Foon 16

STUDENTE ! ! !
VIR AL U
Handboeke, Skryfbenodigdhede, Leertasse,
Geskenke, ens.
besoek ons en wees verseker van goeie diens.
UNIE - BOEKHANDEL (Edms.) Bpk
Kerkstraat 90.
Foon 497.

Gedruk deur Die Westelike Stem, Posbus 156, Potchefstroom.

# Spannende Unieskild-wedstryd

**Die Pukke was besonder ongelukkig om die finale wedstryd om die Unie-skild te verloor met 1 punt. Die telling was 39—40 in Potgietersrust Hoërskool se guns.**

Dit is werklik jammer, as in aanmerking geneem word dat die span nie op volle sterkte was nie. Twee staatmakers nl. Cecelia Jordaan en Henriette Spoelstra kon weens siekte nie speel nie, terwyl Monica tenspyte van 'n griepaanval haar span moes lei.

Die wedstryd self was uiters spannend en aanskoulik. Die Potgietersrust span is self baie goed en die Pukke het geweet hulle moes hard speel. Die spel was baie vinnig en elke beweging het getel. Met rustyd was P.U. met vier punte voor. Hierna was dit 'n baie gelyke stryd en het die spanne kop aan kop geloop. Enkele minute voor die eindfluitjie het Potgietersrust hulle laaste punte aangeteken terwyl P.U. net hierna ongelukkig was met die laaste bal. Die eindtelling was dus: P.U. 39, Potgietersrust 40.

Spelers wat skitterend vertoon het was Thresia Snyman, Izebrandt de Villiers en Heleen Schutte.

Die Korfbalspan kan werklik gelukgewens word met hulle skitterende prestasies van hierdie jaar. Tenspyte van terugslae het die Korfbal omtrent alles wat daar moontlik te verower was huistoe gebring. Ons kan net kortliks noem:

(1) Beker vir beste span met korfbaldag.

(2) Mercia-beker.

(3) Kempen-beker vir Wes-Transvaal span wat inkom vir die Unie-skild.

(4) Suid-Transvaal-beker vir beste span in Suide.

(5) Oswald Field-skild vir die span wat in die finale wedstryd nie die Unie-skild verower nie.

(Vervolg van bladsy 3).

dat alleen uitstaande prestasies beloon word.

C. Hierdie toekenning kan ook van toepassing op oud-studente wees, sodat oud-studente wat in latere lewe uitstaande prestasies op bg. terreine lewer, erkenning van die kant van die Alma Mater ontvang.

D. Die persoon se lewe, karakter en prestasies moet suiwer en onbetwisbaar in ooreenstemming wees met die leuse en rigting van die P.U. vir C.H.O.

**Art. IV. REGLEMENTE VIR EREKLEURE OP KULTURELE GEBIED.**

A. Hieronder word verstaan uitstaande prestasies op die gebied van wetenskap en kuns.

i. Wetenskaplike prestasies is streng akademiese prestasies bv. verdienstelike navorsingswerk en ander wetenskaplike bydraes. Daar sal veral gelet word op verowering van besondere beurse of erkenning ens.

ii. Kunsprestasies is uitstaande talent-prestasie bv. op gebied van drama, voordrag, musiek, digkuns, beeldende kunste, prosa, skrywe ens. ens. Daar sal veral gelet word op erevermeldings van buite, uitslae van kunswedstryde ens.

B. By toekenning sal daar duidelik en onbetwisbaar bewys moet word dat dit 'n hoogstaande prestasie is.

C. Daar sal ook gelet word op die deelname en belangstelling wat die betrokke aspirant gehad het vir die studentelewe en die inrigting in die algemeen.

**Art. V. REGLEMENT VIR EREKLEURE IN DIE VERENIGINGSLEWE.**

A. Hieronder word verstaan dat die S.R. direk of op aanbeveling, hoogstaande dienste binne die verenigingslewe beloon.

B. Elke onderliggaam van die S.R. stel sy eie reglemente op waarbinne hulle aanbevelings doen.

C. Hier moet dubbeld seker gemaak word dat die gewone van die buitengewone hoë prestasie onderskei word. . As handleiding moet op die volgende punte gelet word:

1. Gedrag entoesiasme, toewyding, pligsgetrouheid ens.
2. Leierskap, organisasie ens.
3. Besondere talente vir die verenigingslewe beskikbaar gestel.
4. Die duurte waarmee prestasies en belangstelling volgehou is.
5. Of die belangstelling en deelname ook ander terreine as die besondere raak.
6. Prestasies in breër kring bv. Interuniversitêr, volkslewe ens.

(Vervolg van bladsy 1).

hak, bring Piet hulle op die aanval met 'n lang buiteskop. In die beweging net daarna skop Brink oor sy opponente se agterlyn en Piet is amper deur. P.O.K. kom egter terug op die aanval. Britz probeer 'n skepskop, maar dit trek heeltemal skeef. Net voor rustyd slaag Claassen met 'n lang strafskop.

Net na rustyd word 'n strafskop aan die Pukke toegeken en Platbos maak geen fout met die moeilike skop nie. (3—3).

**PYPKAN.**

„Van” is nou aan die woord. Hy pypkan die hele Normaal-agterlyn en breek dwarsdeur. Hy gee uit na Piet, Piet na Brink en hy na Prinsloo wat duime kort van die doellyn val. Daar word egter geskrum en Piet sit blitsvinnig 'n skepskop oor. (6—3).

Toe Normaal weer in die P.U.-gebied kom, probeer Britz weer 'n skepskop. Die bal trek mooi, maar val net kort. Hasie ontvang en skop pragtig uit.

„Van” bring die Pukke weer op die aanval met 'n mooi breekslag. Eers misluk Piet met 'n skepskop en toe kon Platbos weer nie slaag met 'n strafskop nie.

Kort voor die einde breek die voorspelers dwarsdeur,, maar ongelukkig gee hulle vorentoe aan na „Van” en met die doellyn oop voor hom, blaas die skeidsregter die eindfluitjie.

**Ná die oorwinnings van die seisoen oor U.O.V.S.,, de Oxford-Cambridge span en die harde spel teen Tukkies, het die Pukke dus hierdie opwindende wedstryd ook gewen en pryk die groot Blaine-beker vir nog 'n jaar in Heimat se eetsaal!**

## Jukskei.

Die Universiteit se jukskeispan het in die laaste tydjie weer baie bedrywig geraak. Hulle kan met 'n pragtige oorwinning van 5—0 oor Garnisoen spog. Verder het 'n hele paar spelers deelgeneem toe die Potchefstroom-Wyksbond uitgespeel het vir die Wes-Transvaalse proewe. Vier van die P.U. spelers het dan ook daarin geslaag om te kwalifiseer vir die proefwedstryde wat binnekort afgespeel word. Hulle is: H. J. Schutte, L. Haasbroek, L. J. Potgieter en Koos Jooste.

# S.R. Keur Konsep-Erekleur-Reglement Goed

## Harde Werk van Kommissie Afgehandel!

**Die Studenteraad van 1951 het die konsep erekleur-reglement, wat deur 'n kommissie voorgelê is, goedgekeur. Hierdie reglement behels die toekenning van kulturele erekleure aan studente wat hoogstaande prestasie lewr op geestelike terrein.**

Hierdie feite is op 'n onlangs gehoue S.R.-vergadering aan die lig gebring. Daar word verneem dat die toekenning en reglementering van kulturele erekleure die vrug is van maandelange arbeid. Die Studenteraad onder voorsitterskap van mnr. **W. J. de Klerk** het reeds met die nodige aanvoorwerk begin en onder voorsitterskap van mnr. **B. Spoelstra** het dit die finale beslag gekry.

**KULTURELE EREKLEURE-KOMMISSIE.**

Hierdie hele aangeleentheid is, soos verneem, aan 'n kommissie, waarvan mnr. **A. S. SMIT** die sameroeper was, opgedra. Ander lede was mej. L. van Rooy, mnre. J. Ligthelm, V. E. d'Assonville en C. Malan. Op 'n massavergadering is die erekleuresaak te berde gebring waarop tweeërlei besluite geneem is:

a) dat oorgegaan sal word tot die toekenning van kulturele erekleure;

b) dat die baadjie wel onderskeie van die sportbaadjie en die gewone baadjie sal wees.

In die lig van hierdie gegewens het die kommissie 'n konsep reglement opgestel en dit aan die Studenteraad voorgelê. Die reglement is in toto aanvaar; slegs die detaile-uitwerking van die versierde wapen is aan die nuwe S.R. oorgedra.

# S.S.B. Hou Nabetragting

**Op die uiters gesellige S.S.B. geselligheid wat verlede Saterdagaand gehou is, het verskeie van die P.U. se sportprestasies vir die afgelope jaar weereens aan die lig gekom.**

Eerstens was daar die skitterende prestasie van die eerste voetbalspan om die Blaine vir die tweede agtereenvolgende jaar te verower. Die Onder-19 span het ook hierdie jaar pragtig presteer. Hulle het Wits en U.O.V.S. se O.19 spanne kafgedraf. As voorwedstryd vir die Stellenbosch-intervarsity, het hulle ook teen 'n O-19 van Normaal gespeel en ook sommer maklik klaargespeel met hulle. As hulle volgende Saterdag daarin kan slaag om Normaal se 3C te wen, is hulle ook die wenners van die liga.

Dan was daar natuurlik ook die skitterende prestasies van ons tennis-, jukskei-, hokkie- en korfbalspanne wat hoë lof verdien.


Beyers Claassen
M.N.Y.Inst.P. (V.S.A.)

FOTOGRAAF

KERKSTRAAT 41, POTCHEFSTROOM.

„DIENS AAN DIE GOUE WESTE DEUR FOTOGRAFIE”




Waar u ook mag wees
Kommando
—die gewildste
Suid-Afrikaanse sigaret


G1-3060 AP